BRITS RUSOORD
VANAF 1970
verryk jou siel en gees...

Brits Rusoord
188-153 NPO

Kerkstraat 62A, Brits
Posbus 2323, Brits 0250

012 252 7043 / 5435
086 210 7650

www.britsrusoord.co.za

HUISHOUDELIKE REËLS

BRITS RUSOORD WOONSTELLE

Die Bestuursraad is deur die SKDBM gemagtig om die bedryf van die woonstelle te behartig. Die mandaat om die woonstelle te bedryf is op 22 Februarie 2007 aan die Liefdadigheidstrust oorgedra. Die Liefdadigheidstrust het die volgende huishoudelike reëls opgestel en hulle beslissing hierin is finaal. Daar word 'n beroep op al die okkupeerders gedoen om hulle volle samewerking te gee tot die nakoming van die ondergenoemde reëls:

1. ALGEMEEN

- Dit word van die okkuppeerder verwag om te alle tye die Christelike sfeer (atmosfeer) van RUSOORD te eerbiedig.
- Soberheid moet te alle tye streng gehandhaaf word.
- Stiltetyd duur elke dag van 13:00 tot 14:30 en moet deur almal gerespekteer word.
- Geen kollektelyste en verkopings van watter aard ookal, word sonder toestemming van die Bestuur toegelaat nie.
- Eetgerei of kos mag onder geen omstandighede uit die eetsaal geneem word nie.
- Indien u as gevolg van ongesteldheid of afwesigheid nie 'n ete in die eetsaal kan bywoon nie, moet u vooraf en betyds met die kombuis reëlings tref.
- Geen troeteldiere mag aangehou word nie.
- Radio's en TV's moet onder alle omstandighede so gebruik word dat dit nie 'n steurnis vir ander bewoners is nie.
- Geen fooitjies mag aan personeel gegee word, veral met die motief om sodoende ekstra gunsies of werkies met die fooitjies te koop nie.
- Alle reëlings vir georganiseerde uitstappies moet in oorleg met die Bestuurder geskied.
- Inwoners moet te alle tye water bespaar.
- Geen vuurwapens word toegelaat nie.
- Terwille van die veiligheid van die Inwoners, word van alle voertuigbestuurders op die terrein verwag om versigtig en bedagsaam te bestuur. 'n Spoedgrens van 10km per uur mag nie oorskry word nie.
- Afleweringsbodes moet items by die sekuriteit inhandig en mag nie in die gebou ingaan nie.
- Medikasie moet te alle tye veilig bewaar word (buite bereik van kinders). Waar dit bekend word dat 'n woonstel inwoner nie meer sy medikasie volgens voorskrif kan gebruik nie, kan die Bestuur, in belang van die Inwoner beheer oor die toediening van die medikasie oorneem of die persoon na die tehuis verskuif.
- Indien deure van wooneenhede aan die binnekant gesluit word, moet sleutels verwyder word sodat, ingeval van nood, personeel u kan bereik. Geen veiligheidskettings word toegelaat nie. Duplikaatsleutels van sekuriteitsdeure indien u dit aangebring het, moet by die kantoor ingehandig word.

2. KLAGTES

Enige klagtes moet skriftelik by Bestuur ingedien word. Die Trust behou hom die reg voor om reëls t.o.v. dissipline neer te lê en toe te pas.

3. GEBOUE

- Wasgoed mag onder geen omstandighede by vensters uitgehang word nie.
- Muntwasmasjien en –tuimeldroeër asook wasgoeddrade is beskikbaar.
- Geen verandering mag sonder toestemming aan die gebou of elektriese installasie aangebring word nie.
- Toestemming moet vooraf verkry word indien addisionele items soos spieëls, handdoekreëlings ens. aangebring word. Sulke items mag nie verwyder word wanneer woonstel ontruim word nie.
- Elke woonstel het ‘n eie kragmeter. Krag word maandeliks gelees.
- Alle versoeke vir instandhouding in die woonstel moet in die Instandhoudingsboek by die navraagtoonbank aangeteken word.
- Wanneer die wooneenheid verlaat word, moet baie seker gemaak word dat alle elektriese toerusting, soos byvoorbeeld ‘n ketel, afgeskakel is.
- Wanneer bewoners vir ‘n lang of onbepaalde tyd die wooneenheid verlaat, moet die vensters toegemaak word en die Bestuurder in kennis gestel word in die uittekenboek aangeteken word.
- Inwoners mag nie in woonstelle rook nie. Die aangewysde rookareas is tuinarea met lapa. Rook in woonstelle is ‘n brandrisiko en sal nie toegelaat word nie.

SLEGS BAIE KLEIN PLANTHOUERS MAG OP STOEPGANGE STAAN.

4. HEFFINGS

- Maandeliks heffing is betaalbaar. Die heffing sluit in die inwoner se waterverbruik, skoonmaak van woonstel eenmaal per week en gebruik van terapielokaal en alle fasiliteite van die tehuis.
- Algemene instandhouding binne die woonstel is vir die inwoner se rekening.

5. BESOEKERS

- Besoekers mag nie in die privaat parkeerterrein parkeer nie.
- Alle kinders van besoekers moet te alle tye onder streng toesig wees. Geen skade mag aan die tuin aangerig word nie. Kinders mag nie in die Tehuis rondloop of speel nie.
- Besoekers mag geen troeteldiere saam met hulle op die terrein bring nie.
- Geen person (nie inwoners) mag op die perseel of woonstel oornag nie.

6. WYSIGINGS

Die Liefdadigheidstrust behou hom die reg voor om hierdie Huishoudelike reëls te eniger tyd te wysig of aan te vul.

_____ _____

HANDTEKENING INWONER **DATUM**